GEOGRAFIE

Handel in Suid-Afrika en die wêreld

Graad 6

Week 5: 20 Mei

Laerskool Mikro Kopiereg ©

EENHEID 4

BILLIKE HANDEL (BL.48-51)

SLEUTELVRAAG:

Wat is billike en onbillike handel?

Laerskool Mikro Kopiereg ©

Handel is nie altyd billik (regverdig) teenoor almal nie.

Die gemiddelde persoon verdien verskillende inkomste regoor die wêreld bv.

VSA R408 400 per jaar/ RSA R80 000 per jaar / Mosambiek R 7 200 per jaar

Hoekom?

Inkomste hang af van wat mense of lande kan produseer, vervaardig en verhandel.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

WAT GEBEUR WANNEER HANDEL ONREGVERDIG IS?

- Boere en mynwerkers ontvang **lae lone**.
- Soms word **kinders gedwing** om te werk.
- Arm mense het nie genoeg geld vir **onderrig en gesondheidsorg** nie.
- Mense **ontwikkel nie vaardighede** nie.
- Regerings van arm lande kan nie **dienste en vaardigheidsopleiding** verskaf nie, omdat hulle nie genoeg belasting insamel nie.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

WERK EN UITBUITING:

Arm mense word gewoonlik in die handelstelsel **uitgebuit** (wanneer iemand jou onregverdig behandel).

Maniere van uitbuiting:

- Mense kry swaar wanneer handel onregverdig is.
- Hulle is **oorwerk**.
- Hulle word **onderbetaal** vir die werk wat hul doen of die dinge wat hul verkoop.
- Hulle word sleg behandel.
- Kinders word **gedwing** om harde arbeid te doen.
- Werk dikwels **lang ure**.
- Swak werksomstandighede.
- Geen **siekteverlof**.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

BILLIKE (REGVERDIGE) HANDEL:

Handel is billik wanneer mense instaat is om genoeg geld te verdien en hul lewe te verbeter. Dit is ook wanneer lande ooreenkom om goedere teen ‘n billike prys te koop van maatskappye wat werkers billike lone betaal en goed behandel.

Wat gebeur wanneer handel regverdig is?

- Handelaars betaal ‘n **regverdige prys** vir oeste, werkers kry billike lone.
- **Geen kinders** word toegelaat om te werk nie, hulle gaan skool toe.
- Handelaars maak seker die geld gaan na **onderrig en gesondheidsorg**.
- Werksomstandighede is **veilig en gesond**.
- Werkers vorm maatskappye sodat hulle meer beheer oor pryse en lone kan hê.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

Het jy geweet?

Daar is organisasies wat probeer verseker dat mense nie uitgebuit word wanneer hulle hul produkte verhandel nie (Die Fairtrade-stigting).



FAIRTRADE

FAIRTRADE

FAIRTRADE

FAIRTRADE-STIGTING:

Die Fairtrade-stigting is ’n internasionale organisasie wat plaasprodusente in ontwikkelende lande help om beter ooreenkomste te sluit wanneer hulle hul werk en produkte verkoop.

Die organisasie het verskeie rolle:

- Hulle eis dat maatskappye beter pryse betaal, wat **nooit onder die markprys** mag daal nie.
- Hulle help boere deur **groepe te skep** wat kan saamwerk. Hierdie groepe word **koöperatiewe** genoem.
- Maatskappye wat produkte op billike manier verkoop, mag die Fairtrade-logo gebruik. Dit beteken dat mense weet dat hulle produkte koop wat gemaak is **sonder** dat mense **uitgebuit** is.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

Voltooi asseblief die werkkaart wat ook opgelaai is.

Laerskool Mikro Kopiereg ©